# NEO-SPEKTRUM

## SIRKELFLITS 2:2023


NUUSBRIEF VIR SIRKELVRIENDE



G E S E Ë N D E   P A A S F E E S



## Dagsê uit Tamboerskloof



Dit voel soos gister toe ons gesê het, *"Voorspoedige Nuwe Jaar!"* en hier trek ons al in Herfs — die seisoen waarin ons Paasfees vier.

Vir Christene is dit die Heiligste tyd op ons kerkkalender. Helaas vir die meeste Protestante is dit net ʼn langnaweek waar baie hulle karre pak om êrens te gaan kuier of ontspan.

Miskien vanweë die feit dat almal sal sê, *"Ons ken die storie, en hoef dit nie weer te hoor nie."* **Die vraag is of jy regtig die 'storie' ken en of jy enigsins die invloed daarvan vir jouself kan verwoord?**

Kom ons vat net die **Evangelie volgens Johannes**. In hierdie Evangelie is geen verwysing na ʼn *maagdelike geboorte* nie; Jesus word nie *gedoop* nie; geen *versoeking* in die woestyn nie; geen *gelykenisse* nie en geen *bergpredikasie* nie; geen *brood of wyn* by die laaste maaltyd nie; en geen *Getsemane* of geen worsteling om *die beker weg te neem* nie.

Vir die skrywer van hierdie Evangelie hoor hy Jesus sê, *"Hiervoor is ek gebore — this is my destiny!"*


Daarom is daar ook nie die woorde, *"My God, my God waarom het U my verlaat"* (Psalm 22:1) aan die kruis nie maar wel, ***"Dit is volbring!"***

Vir die skrywer gaan die kruis nie oor die brutaliteit daarvan om iemand te vermoor teen ʼn dwarsbalk nie maar **staan die kruis as ʼn simbool van triomf**. Hy vat dit saam in die woorde van Jesus wat sê, ***"Ek het gekom om vir julle lewe te gee, en dit in oorvloed."*** (Joh 10:10)

Die woord vir 'opstaan' soos vanaf ʼn bed in Grieks is **'egeiro'** maar die woord van Johannes Evangelie gebruik is, **'anistimi'** wat beteken: wedergeboorte, herlewing, ontwaking (awakening).

Kan dit wees dat die 'opstanding' nie ʼn resussitasie van ʼn liggaam was nie ***but a profound awareness of the presence of God in the awakening of Christ in us all ...?***

Dieselfde met die 'verskyning' van Jesus aan sy dissipels. Die woord wat gebruik word, is **'phanaro'** wat vertaal word met 'verskyn' in die Afrikaanse Bybel maar hierdie woord in Grieks beteken: om te manifesteer, tot besef of verstaan te bring. Dit kom van die woord **'phaino'** wat beteken: bring forth into the light, cause to shine, to become evident.



Om die waarheid van Jesus se invloed en betekenis te laat 'opstaan' uit die dood en daarmee saam ons eie wedergeboorte te herdenk en te vier.

Dit lyk vir my na ʼn sinvolle verstaan wat dit vir elkeen van ons kan beteken.

**Dit is Paasfees 2023**.

**Hoe maak dit ʼn verskil in jou lewe?**

**Terblanche**

edward - redakteur ed56chris@gmail.com



# GEBRUIKE OOR DIE PASE



Paasfees is om die draai en vir baie veral in die Kaap beteken dit kerrievis en bolletjies. Hierdie idee spruit uit die Kaaps-Maleise gereg en dat mense nie op Goeie Vrydag mag werk of kosmaak nie. Daarom is paasgeregte voor die tyd voorberei en kerrievis en bolletjies leen hulself ideal tot hierdie gebruik. Die Kaaps-Maleise slawe het ook geglo dat dit nie heilig is om vleis op Goeie Vrydag te eet nie. Die vis is ook simbolies omdat dit verbind word met Jesus as die "Visser van mense". (Netwerk24)

In die Christelike wêreld het 'n verskeidenheid Paasgebruike ingeburger waarin voor-Christelike rituele en simboliek nuwe Christelike betekenisse gekry het soos die verf van paaseiers (wat Jesus Christus se leë graf versinnebeeld) of die versiering van kerkkansels met Paaslelies as simbole van die opstanding van Jesus Christus.



TRADISIONEEL VERSIERDE PAAEIERS UIT TJEGGIË


Die wegsteek en soek van paaseiers is veral gewild by kinders, maar ook volwassenes hou daarvan om hul paasgeskenk of -verrassing op Paassondag te gaan soek. Dié tradisie het eers betreklik laat ingeburger geraak – die vroegste skriftelike oorlewerings daarvan, wat in Duitse tekste voorkom, dateer uit die 17de eeu. Om die soek van Paaseiers aantrekliker te maak vir kinders, word die storie van die Paashaas vertel wat die eiers versier en wegsteek. Dié verhaal word vir die eerste keer in die tweede helfte van die 17de eeu gedokumenteer.



In die Christelike tradisie versinnebeeld die lam die lewe en geestelike reinheid, maar veral Jesus Christus as die Lam van God. Dikwels word in Christelike kerke vaandels met die Paaslam vertoon as simbool vir Jesus se offer en sy oorwinning oor die dood.

DIE LAM VAN GOD OOR DIE PORTAAL VAN DIE LUTHERSE SINT ANDREASKERK
IN BRUNSWYK, NEDERSAKSE, DUITSLAND

Paasvure het hul oorsprong in voor-Christelike tradisies waarvolgens ná die koue winter die son met vure terug na die aarde getrek is om weer lig en warmte te lewer en 'n goeie oes te verseker. Vuur het egter ook simboolkrag in die Joods-Christelike geloof soos in die verhaal van Moses en die brandende doringbos, waarin God verskyn, in Eksodus 3:1–12. (Everaoh & Wikipedia)





**Die Kapel was getooi in wit blomme en loof tydens die afskeidsdiens.**

---

**Vriende van Neo-Spektrum** **E-pos versend op 31 Januarie 2023**

**Dit is met groot hartseer dat ons vandag die nuus moet deel dat ons vriend, en voorsitter van ons Leierspan vanoggend oorlede is.**

**Desmond se leiding en invloed, sy betekenis en ervaring het 'n onberekenbare bydrae gelewer in die beplanning, organisering, en kontrole van Neo-Spektrum.**

**Bo en behalwe sy betrokkenheid was hy ook vir die meeste van ons 'n vriend.**

**Die voetpaadjies en diep spore wat hy vir ons nalaat, gaan moeilik gevul word.**

**Ons gedagtes en gebede gaan na Estelle, sy seun en dogter, en kleinkinders.**

**Mag ons verlange en verdriet gou plek maak vir die mooi herinneringe wat hy om elkeen van ons se harte geweef het.**

**Namens die Leierspan**

**Terblanche**

## BOEKGROEP PRAAT OOR …

*DIE BEOEFENING VAN VREDE*
*IN TYE VAN GEWELD*

In hierdie maar waardevolle boekie verduidelik Pema Chödrön, skrywer van talle topverkopers, in gewone taal hoe ek en jy elke dag die saad van vrede kan saai in alles wat ons doen.

Ten diepste ontstaan alle aggressie uit angs en verwarring. Die boek leer ons presies hoe om helderheid en vrede in onsself te ontdek en hoe om hierdie vrede uit te straal na mense wat naby ons is en uiteindelik ook na die hele wêreld.

Klem word daarop gelê dat oorlog en vrede in die harte van mense begin. Hierdie gedagterigting sluit aan by die wysheid van die spreukedigter: "wees veral versigtig met wat in jou hart aangaan…"

Die skryfster is 'n non in die Tibetaanse Boeddhistiese tradisie. Sy is in die VSA gebore en getoë en tans gee sy onderrig in Nova Scotia, Kanada. Dis haar eerste boek wat in Afrikaans vertaal is en dus die twintigste taal waarin haar boek gelees kan word.

Hester van der Walt, die vertaler, is 'n skrywer en bakker wat in McGregor in die Wes-Kaap woon. Haar boek, *Hester se Brood* is in 2009 deur Modjadji Press uitgegee.



Chrisna Smuts


*(Chrisna Smuts het ook die Boekgroep-aanbieding hieroor op 6 Februarie 2023 gelei.)*




**Die Boekgroep (8 - 12 lede) het op 28 Mei 2013 vir die eerste keer vergader en het op 6 Maart 2023 reeds 81 keer vergader. Hier stel 'n lid 'n boek of onderwerp aan die groep voor vir verdere bespreking.**

**Skakel Lydia by 084 751 5401 of lydialeroux4@gmail.com**

**VERSKYNING EN VERDWYNING VAN 'N VERLIGTE MENS**




**BOEKGROEP OP 15 MEI 2023—EDWARD SMUTS**



# GESKIEDENIS VAN DIE BYBEL

## SATERDAG 6 MEI 2023 VAN 9:00 TOT 13:00

Daar sal op die Ou Testament Geskiedenis gefokus word:

- begin met Abraham en stap tot by Jesus
- kyk na die invloed van die Sumeriaanse, Kanaänitiese, Egiptiese en Babiloniese godsdienste op Judaïsme
- blaai deur die historiese boeke, die wysheidsliteratuur, profete asook die outeurvraagstukke van wie wat geskryf het en wanneer

Die doel is om ‘n begrip te ontwikkel hoe die Ou Testament ŉ 2000 jaarlange geskiedenis bymekaar bring.

## SATERDAG 13 MEI 2023 VAN 9:00 TOT 13:00

Die fokus val op die Nuwe Testament Geskiedenis

- begin by Jesus en eindig by Konstantyn (325CE)
- ook die vrae oor wie die Evangelies geskryf het, word verken
- wie Paulus was en waarom soveel van sy briewe in die NT ingesluit is

Die vroeë kerk van die eerste 3 eeue na Christus word dus behandel.

Dis ŉ heerlike reis om te bepaal waarom die Bybel steeds belangrik en relevant vir ons as Christene is.

**KOSTE PER PERSOON PER SATERDAG - R 250.00**
**KOSTE PER PAAR PER SATERDAG - R 400.00**

## HOOP OM SOVEEL AS MOONTLIK VAN JULLE DAAR TE SIEN!

# UITVOERENDE KOMITEE



**ANNELIZE VAN DER LINDE**

- WAARNEMENDE VOORSITTER
- FINANSIËLE RAADGEWER




**TERBLANCHE JORDAAN**

- SPIRITUELE LEIER
- ONDERSTEUNING, MOTIVERING EN INSPIRASIE BY HPR-AKSIES



**ELSE-HELENE LOUBSER**

- SPORTSAKE
- ONDERSTEUNING AAN SEKRETARIS
- AD HOC SAKE



**EDWARD SMUTS**

- TESOURIER
- PROJEKKOÖRDINEERDER
- AD HOC SAKE



**LIZE-MARI DU PLESSIS**

- SEKRETARIS
- HUIS JABES
- AD HOC SAKE



**TRESKA BOTHA**

- ADMIN VAN DIENSBEURTE
- KOLLEKTES

**NICO BOTHA**

- DIENSBEURTE
- MES
- AD HOC SAKE



**JOHAN MULLER**

- DIENSBEURTE
- KERSE
- PARKERING
- AD HOC SAKE


## ADDISIONELE LEDE

**LYDIA LE ROUX:** NAGMAAL & BOEKGROEP

**JOHAN STRUWIG :** DIENSBEURTE & MES

**LOURITA BAIRD:** DIENSBEURTE & BESPREKINGS

**ANDRE CILLIERS:** FINANSIËLE ADMINISTRASIE



**THEUNS MOOLMAN**

- SKAKELING: KOLPING
- DIENSBEURTE
- KERSE
- AD HOC SAKE

# NEO-SPEKTRUM: 2023

**WYSHEIDSIRKEL VAN NS**

**ELKE SONDAG OM 10:00**
**IN DIE KAPEL BY**
**KOLPING SENTRUM**

- **16 April:** Gewone JV
- **11 Mei:** UK Vergadering
- **6 & 13 Mei:** G vd B Werksw.

**Mei- Junie:** Winterhoop MES


## GESPREKSGROEPE

(terblanche@neospektrum.co.za)

Bespreek tans:
**Consolations - David Whyte**

Veragder elke tweede week met byeen-komste in die Stad en by Kolping.

Skakel Terblanche Jordaan vir meer be-sonderhede.



## BOEKGROEP

(lydialeroux4@gmail.com)

- Vergader weer om 19:00 op 15 Mei 2023 by Jacquestraat 9, Uitzig, Durbanville. Sien bladsy 5.
- Hier stel 'n lid 'n boek of onderwerp aan die groep voor vir bespreking.
- Verdere programdatums vir 2023:
  - ⇒ 5 Junie
  - ⇒ 7 Augustus
  - ⇒ 4 September
  - ⇒ 6 November
  - ⇒ 2 Desember

DIE BOEKGROEP BESPREEK OOK AKTUELE SAKE RONDOM SPIRITUALITEIT.

**Die Boekgroep is op 6 Maart 2023 gelei deur Janus Prentzler oor THE *GREAT AND HOLY WAR* deur Paul Jenkins. Hieronder is 'n kort opsomming van die boekbespreking:**

The Great and Holy War offers the first look at how religion created and prolonged the First World War. At the one-hundredth anniversary of the outbreak of the war, historian Philip Jenkins reveals the powerful religious dimensions of this modern-day crusade, a period that marked a traumatic crisis for Western civilization, with effects that echoed throughout the rest of the twentieth century.
The war was fought by the world's leading Christian nations, who presented the conflict as a holy war. Thanks to the emergence of modern media, a steady stream of patriotic and militaristic rhetoric was given to an unprecedented audience, using language that spoke of holy war and crusade, of apocalypse and Armageddon. But this rhetoric was not mere state propaganda. Jenkins reveals how the widespread belief in angels and apparitions, visions and the supernatural was a driving force throughout the war and shaped all three of the major religions—Christianity, Judaism and Islam—paving the way for modern views of religion and violence. The disappointed hopes and moral compromises that followed the war also shaped the political climate of the rest of the century, giving rise to such phenomena as Nazism, totalitarianism, and communism.
Connecting numerous remarkable incidents and characters—from Karl Barth to Carl Jung, the Christmas Truce to the Armenian Genocide—Jenkins creates a powerful and persuasive narrative that brings together global politics, history, and spiritual crisis as never before and shows how religion informed and motivated circumstances on all sides of the war.

Edward Smuts: Samesteller
ed56chris@gmail.com

Chrisna Smuts: Taalversorging
chrisna1949@gmail.com